

M.L. Crous

Karakterisering in Christine: 'n Jungiaanse perspektief

Abstract

The central character in Barθο Smit's complex drama *Christine* is Paul Harmse. This essay focuses on the text and regards it as the psyche of the protagonist Paul Harmse. Jung's theory of the collective unconscious and the archetypal figures that inhabit the collective unconscious is implemented in the analysis of the text. The characters are regarded as representations of the shadow and the anima. There is a prevailing conflict between Paul Harmse and the subconscious forces at work in his psyche.

1. Inleidend

In 'n opstel oor *Losgoed* getiteld "Die krisis van die werklikheidsbeeld in drama en epiek" laat Barθο Smit homself soos volg uit:

Die mens bestaan bloot nog as ononderbroke stroom van onsamehangende sintuiglike indrukke, gedagteflardes, instinkiewe impulse, gevoelsassosiasies en verbeeldingspronge ... elke bewuste moment op die oppervlak het ook 'n verwarrende hoeveelheid vergelykings- en verbeeldingspronge met 'n oneindige aantal realiteite in die kosmos (aangchaal deur Louw, 1985:17).

In aansluiting hierby merk Louw (1985:17) tereg op: " In *Christine* ervaar ons hierdie verbeeldingspronge en realiteite soos Paul dit ervaar". Elders merk Barθο Smit (1971:86) in gesprek met Chris Barnard op dat 'n sentrale toneel in *Christine* soos die kruisiging nie realiteit is nie, maar net "n moontlikheid wat Paul beleef het".

Paul as sentrale ervarende persoon in die drama se verbeelding en bewussynservarings staan dus sentraal. Dit is gevolglik waarom Kannemeyer (1988:309) opmerk: " Deurdat die hede van die spel Paul Harmse se verantwoording van sy dade voor 'n regter of Regter is, speel al die gebeure eintlik in die bewussyn van die hoofkarakter af." Met hierdie opmerkings in gedagte, is dit dus moontlik om die teks te beskou as 'n gekarteerde psige, 'n aanname wat aansluit by een van die hoofstrominge in die psigoanalitiese literatuurkritiek.

Charles Malan (1984:71) maak in sy bespreking van *Christine* melding van die volgende: "(D)ie geïntegreerde self, dit waarna Paul streef, ... [kan] hy nie sonder die integrasie van die irrasionele en dus 'n afdaal in die onbewuste ... bereik nie". Malan toon ook verder aan dat die vrouefiguur van *Christine* die animafiguur in die individuasieproses van Paul Harmse is. So kan die teks dus gelees word vanuit die perspektief van die Jungiaanse individuasieproses; 'n opmerking wat in hierdie opstel van nader beskou word. 'n Ander psigoanalitiese benadering, te wete 'n Freudiaanse beskouing, word deur André P. Brink

(1986:39) geaktiveer deurdat hy die figure in *Christine* beskou as verteenwoordigers van die Id, Ego en Superego.

2. Jungiaanse individuasieleer

Carl Jung is van mening dat die menslike persoonlikheid gebou is op die selfkonsep wat die kern van die psige vorm. Die individuasieproses in die Jungiaanse sin van die woord impliseer "the self in the course of its life experience struggling on the one hand with the archaic images of the omnipotent selfhood and on the other hand with the demands made by social norms" (Wright,1984:70). Twee kernaspekte wat dus beklemtoon word, is argaïese beelde of argetipes en sosiale norme. Ek konsentreer veral op eersgenoemde aspek.

Daar moet egter in gedagte gehou word, dat Jung die psige in drie vlakke verdeel: die bewuste, die persoonlike onderbewuste en die kollektiewe onderbewuste. Die argetipes waarna Wright verwys, vorm veral deel van die kollektiewe onderbewuste,

... a reservoir of latent images usually called primordial images by Jung. Primordial means first or origins; therefore a primordial image refers to the earliest development of the psyche. Man inherits these images from his ancestral past, a past that includes all of his human ancestors, as well as his prehuman or animal ancestors (Hall & Nordby, 1973:39).

Die inhoud van die kollektiewe onderbewuste is eie aan alle mense; derhalwe die gebruik van die woord *kollektiewe*. Die woord *argetipe* is voorheen ook deur filosowe uit die Platoniese tradisie gebruik om te verwys na idees wat in die verstand aanwesig was voor die skepping van die mens. Vir Jung self is 'n argetipe die "typical uniform and regularly recurring modes of apprehension" (1966:283). Die argetipes wat belangrike funksies vervul in die vorming van die individu se persoonlikheid is die persona, die skaduwee, die anima, die animus en die self.

2.1 Die persona

Die woord *persona* is afgelei van die Latyns vir masker en volgens Mattoon (1981:28) het dit betrekking op daardie deel van die persoonlikheid wat ons aan die samelewing vertoon vir goedkeuring en aanvaarding. Dit verklaar ook hoekom dit die konformeringsargetipe genoem word. Jung (1959:246) skryf soos volg: "The persona is a compromise between the individual and society as to what a man should appear to be. He takes a name, earns a title, represents an office, he is this or that."

2.2 Skaduwee

Die *skaduwee* verwys na die "psychic contents which a person prefers not to show" (Mattoon,1981:25). Dit bevat meer van die mens se dierlike natuur as enige ander argetipe, aangesien dit diep gesetel is in die evolusiegeskiedenis van die individu. Von Franz (1964:173) wys daarop dat die skadu nie altyd 'n opponent is nie, maar dat die skaduwee vyandig word, slegs as dit geïgnoreer of verkeerd verstaan word. Die skaduwee verwys na die argetipe wat dien as bron van al die goed en kwaad in die mens en dit bepaal sy verhouding tot lede van sy eie geslag. Jung (1959:423) het byvoorbeeld opgemerk dat

die skaduwee tog 'n groot aantal goeie kwaliteite vertoon, soos byvoorbeeld "normal instincts, appropriate reactions, realistic insights, creative impulses".

2.3 Anima en animus

Jung gaan van die standpunt uit dat vroue 'n primêre vroulike bewussyn het, maar 'n manlike onderbewuste. Vir mans geld die teenoorgestelde. Die manlike argetipe in die vroulike psige word die animus genoem, terwyl die vroulike argetipe in die manlike psige die anima heet. Volgens Jung (1959:33) is die animus "the mediator between the conscious and the unconscious".

Mattoon (1981:89-90) sonder die vier belangrikste argetipiese manifestasies van die anima in die drome van vroue uit en koppel dit aan krag, daad, woord en betekenis. Die vier attribute word onderskeidelik gesimboliseer deur 'n sterk atleet, 'n politikus, 'n digter of 'n priester as droomgestaltes. Wat die anima betref, omskryf Jung dit as "a purely empirical concept, whose sole purpose is to give name to a group of related or analogous psychic phenomena" (1959:114). Jung sonder die vier belangrikste vergestaltungs van die anima uit as Eva, Helena van Troje, Moeder Maria en Sophia. Mattoon (1981:96) heg die volgende assosiasies aan elk van die vergestaltungs: Eva is die sorgsame aardmoeder, Helena is die verleidster en seksobjek, Moeder Maria die maagd en geestelike moeder en Sophia is die wyse ou vrou.

Hall en Nordby (1973:47-48) interpreteer Jung se sienings oor die anima en die animus soos volg:

(T)he anima has a preconceived liking for everything that is vain, helpless, uncertain and unintentional in women. The animus chooses to identify with men who are heroic, intellectual, artistic or athletic celebrities.

Dikwels word argetipes onderontwikkel aangesien die sosiale norme van die Westerse samelewing sekere regulerings stipuleer en 'n premie plaas op vroulikheid wat byvoorbeeld in mans onderdruk word. Die gevolg is dat die persona die anima en animus oorheers en onderdruk.

2.4 Self

Die organiseringsbeginsel van die persoonlikheid is die self. Die self is volgens Hall en Nordby (1973:51), "the central archetype in the collective unconscious, much as the sun is the center of the solar system". Die self kombineer alle denkprosesse en inhoude in die psige. Die self kan volgens Jung (1959:9) gesien word as die totale persoonlikheid; 'n kombinasie van die bewuste en onderbewuste. Volgens Jung is Christine die ideale vergestaltung van die self (Mattoon, 1981:199).

Na hierdie kort uiteensetting gaan ek vervolgens Malan se opmerking opvolg en met behulp van 'n psigoanalitiese leesstrategie konsentreer op die karakterisering in Bartho Smit se drama *Christine*.

3. *Christine* as psige

Paul Harmse, die karakter wat vanuit my psigologiese invalshoek die 'persoon' is wie se psige aan die bod kom in *Christine*, is onder meer getipeer as "'n universele beeld van die moderne mens se eksistensialistiese dilemma binne 'n ontgogelende wêreld" (Pienaar, 1978:70). Dit kan direk gekoppel word aan Rice (1973:16) se opmerking dat Paul nie kan ontsnap van die verlede nie en dat sy uiteindelijke saligheid Christine se liefdevolle aanvaarding is - Christine synde verteenwoordiger van "the relentless power of Christian love". Aansluitend by die opmerking is dit belangrik om te let op Jung se tweedeling *Eros* / *Logos*. Mattoon (1981:83-84) toon aan dat Jung die manlike argetipe met *Logos* geskakel het en die vroulike met *Eros*. *Eros* sou gekoppel word aan assosiasies soos harmonie, versoening, subjektiwiteit en individuele behoeftes - feitlik almal toepasbaar op Christine, die verteenwoordiger van die anima in Paul se psige en wat deur Malan (1978:90) as die "allegoriese korrelaat van die liefde" gesien word.

In die geval van *Christine* verteenwoordig die karakters Man, die verpleegster en Christine die argetipes in die psige van Paul Harmse. Die Man word veral geassosieer met die skaduwee, terwyl die jong en ou Christine die anima van Paul se psige verteenwoordig. Daar vind doeblering van rolle in *Christine* plaas en dieselfde aktrise vertolk byvoorbeeld Verpleegster en Meisie, terwyl die Man opsigter en Nazi-offisier vertolk. (Ek konsentreer nie op hierdie teaterwetenskaplike kwessie nie.)

3.1 Die Man as die skaduwee

Die karakter Man verteenwoordig in *Christine* die skaduwee van Paul Harmse se psige. In die openingstoneel vertolk hy die rol van 'n "hooggeregshof-aanklaer" (p. 1), wat Paul na die getuiebank roep. Laasgenoemde signifieer binne die konteks van my psigoanalitiese beskouing dat Paul klaarblyklik opgeroep word tot introspeksie en hy gaan veral fokus op sy innerlike.

Vervolgens tree die Man as woonstelopsigter op (p. 6), maar dit is eers in die rol van Gunther Schicksal, die SS-offisier wat hy Paul se skaduwee signifieer. Aanvanklik beskou Paul hom as 'n vriend:

PAUL: Gunther behoort ons te kan help. Hy's 'n goeie vriend van my. Gunther Schicksal. 'n Offisier in die SS. (p. 10)

Bogenoemde kan geïnterpreteer word as 'n poging om die skaduwee-argetipe te onderdruk en hom in 'n aangename lig te sien; dit terwyl sy basiese dierlikheid na vore kom in die episode met Christine se arrestasie:

MAN: Ek is jammer, Paul. As ek dit doen sal ek nie alleen my land en my Führer verraaï nie - ek sal ook vir jou verraaï - in die oomblik van jou swakheid. (Aan die Meisie) Kom, Jood. (Hy klap haar) Saluer as ek met jou praat!
Sê - Heil Hitler!

In aansluiting hierby is die volgende opmerking van Mattoon (1981:27) veelseggend:

In addition to individual contents, the shadow also contains some collective contents. The history of Nazi Germany provides an example. Jung concluded that each of us is linked through the collective unconscious to a collective shadow. In Germany this archetypal image was Wotan, the ancient god of storm and frenzy, a compensatory force to the one-sided goodness and loving kindness preached by Christianity.

Die Man vertolk ook ander rolle in die teks, onder meer dié van polisiesersant (p. 52 e.v.). Hierdie rol is direk in teenstelling tot die optrede van Gunther en sluit aan by die Jungiaanse siening van die skaduwee as 'n poging om goed en kwaad te onderskei en normale instinkte te toon. Dit word geïllustreer deur die Man as polisiesersant wat sy plig doen deur Paul vir moord te arresteer:

MAN: Paulus Harmse - ek arresteer jou op 'n aanklag van moord - of poging tot moord. (p. 54)

3.2 Die Meisie en Christine as anima

In *Christine* word die anima vergestalt deur die Meisie en Christine in hulle onderskeie rolle. Die Meisie tree op as die jong non, Christine en die verpleegster Magda, terwyl die ouer Christine slegs deur een rol vertolk word. Elk van die vrouerolle in *Christine* kan duidelik gekoppel word aan die vier manifestasies van die anima naamlik Eva, Helena van Troje, Moeder Maria en Sophia.

Die jong non, Christine, in haar maagdelike en onskuldige staat kan beskou word as die manifestasie van die Moeder Maria-anima. Vergelyk byvoorbeeld die inherente onskuld in die volgende dialoogedeelte uit die teks:

PAUL: ... Mag ek jou nou soen?

MEISIE: Sal dit nie sonde wees nie? Ek bedoel - as ons nog nie getroud is nie?

PAUL: Hoe kan dit sonde wees? Ek wil jou soen omdat ons mekaar liefhet ... (pp. 8-9)

Paul tipeer self hierdie vergestaltung van die anima verder as hy opmerk dat hy met Christine getrou het toe sy nog "'n jong, onskuldige nonnetjie" was (p. 18).

Die manifestasie van die anima in die gestalte van Helena van Troje word gekoppel aan die aantreklike en seksuele verleidster. Die attribute kan met Magda die verpleegster geassosieer word. Reeds in die openingstoneel van die teks word sy voorgestel sonder klere en in die bed saam met Paul (p. 1). Haar klem op liggaamlike versorging word ook uitgelig deurdat sy tydens die aankoms van Christine eers wil bad:

VERPLEEGSTER

SE STEM: Ek moes nog eers bad. (p. 5)

En verder aan:

VERPLEEGSTER: Toe maar, ek sal nie kaal wees NIE ...

PAUL: Jy't nie nodig om teferig te wees nie. (p. 5)

Paul se gebruik van "teferig" impliseer nie net dat sy sarkasties en uitgesproke voorkom nie, maar kan ook geïnterpreteer word dat sy soos 'n loops hond seksueel uitlokkend is en sodoende word sy doelbewus verbind met die Helena van Troje-manifestasie van die anima in Paul Harmse se psige.

Paul erken dat die verpleegster se "jeug" hom weer sy "manlikheid", "werk" en "toekoms" teruggee (p. 6). Christine word beskryf as "'n stuk vrot vleis" (p. 21) en word dus direk gekontrasteer met die verleidelike Verpleegster. By laasgenoemde voel Paul soos "'n god" (p. 21). Aan die begin van die tweede bedryf is die Verpleegster weer eens die seksuele aantrekkingskrag wat net in haar onderklere vir Paul dwing om haar seksuele aantrekkingskrag te besing en haar aandeel in sy herwonne viriliteit te bevestig.

Die ouer Christine kan as sowel die Eva- as die Sophia-manifestasies van die anima beskou word. Die ou Russiese boerin kan ook as 'n tipe Eva-manifestasie bestempel word, veral as haar sorgsame dienswilligheid aan haar man en haar vernederende daad om sy lewe te red, betrek word (p. 64).

Die ouer Christine verteenwoordig die Eva-manifestasie as sy voortdurend probeer om Paul se woonstel aan die kant te maak en orde in sy wanordelike bestaan te skep. Vergelyk byvoorbeeld die volgende opmerking:

CHRISTINE: Alles skreuc hier om 'n vrou se hand. Lyk my dit was hoog tyd dat ek gekom het. (p. 11)

Aan die einde van die tweede bedryf is Christine ook weer besig met haar huishoudelike ordeskepping as Paul haar dan by die venster uitstamp:

CHRISTINE: Paul - nee! Skuif toe die gordyne! (*Hy vat haar om albei enkels en kniel by die vensterbank*) Pas op! Jy gaan my laat val!

PAUL: Dis wat ek van plan is om te doen - as jy nie wil weggaan nie ... (p. 53)

Die handeling van Paul kan geïnterpreteer word as sy poging om hom nie met die Eva-manifestasie in sy psige te assosieer en te verenig nie. Hy verkies liever die Helena van Troje-manifestasie, waarskynlik omdat dit 'n vorm van andersheid en vitaliteit teweegbring.

Die Sophia-manifestasie word geassosieer met wysheid en is, net soos in die geval van Christine, gewoonlik 'n ouerige vrou. Christine toon insig in Paul se huidige omstandighede en wys hom op sy byna ligsinnige najaag van jeugdigheid. Sy beskryf dit as 'n weglug van homself en die naderende ouderdom wat hom van sy lewenskrag ontnem (p. 47).

Na die verhoor deur die Regter is dit ook Christine wat insig in die situasie toon en selfs vir Paul pleit, sodat hulle wat "albei nie meer jonk (is) nie", bymekaar kan bly, want sy het "nog so min van hom gehad"(p. 71). Dit impliseer dat daar 'n poging tot aanvaarde integrasie met die manifestasie van die anima kan plaasvind. Paul verwerp dit egter:

PAUL: Die hoer met die houtbeen aan 'n kruis ...
Jy't gedink jy't my uitoorlé in die hof. Gedink jy't my nou in jou veilige
bewaring vir die res van my lewe. Nou sien jy wat gebeur met iemand
wat ander se lewens wil besit ... (p. 75)

Paul Harmse ervaar dus voortdurend konflik in sy psige, veral met betrekking tot die manifestasies van sy anima waarmee hy nie wil assosieer nie. Aan die einde van die eerste slot (die teks het twee slotte) lyk dit asof Paul hom wel met die Sophia-manifestasie van die anima versoen, want hy laat die ou Christine toe om hom huis toe te neem en selfs by hom op dieselfde bed te slaap.

4. Samevatting

Die uitgangspunt van hierdie ondersoek was om met behulp van 'n psigoanalitiese leesstrategie 'n 'ander' interpretasie van Bartho Smit se drama *Christine* te verskaf. Vanuit 'n post-strukturalistiese psigoanalitiese beskouing word die teks bestempel as 'n vergestaltung van die psige. Gevestigde Afrikaanse literatore soos byvoorbeeld J.C. Kannemeyer het dié tendens aangeraak, maar as gevolg van 'n paradigmataverskuiwing is die teks nooit ten volle psigoanalities benader nie.

Deurdat die teks beskou word as 'n vergestaltung van Paul Harmse se bewussynsaktiwiteite, word elk van die karakters en die dramatiese handeling in die teks be-teken as sou dit 'n psigoanalitiese tekenwaarde openbaar. Die kern van Paul Harmse se bewussynsaktiwiteite is die integrasie van die verskillende argetipiese komponente van sy onderbewuste, 'n proses waarvoor Berner (1987:21) in die werk van Etienne Leroux soos volg kommentaar lewer:

In the nowhere land of modern life, the god of integration has no place, modern man is condemned to the meaninglessness of sensation, emotion and rationality which he pursues for their own sakes.

Paul Harmse streef nie na 'n integrasie van sy persoonlikheid nie; intendeel, sy psige word versteur deur 'n aanhoudende verset teen individuasie en tot-self-koming.

Hierdie bespreking van *Christine* is slegs een moontlike psigoanalitiese lesing van die teks en getrou aan die uitgangspunt van die psigoanalitiese subjekgerigtheid, moet die subjektiewe inslag van my leesstrategie ook in gedagte gehou word. Die teks as psige is ontvanklik vir 'n volgende leser-as-analis se naspeur van die karterings in die tekstuele psige.

5. Bibliografie

- Berner, Robert L. 1987. Etienne Leroux: a Jungian introduction. In: Malan, Charles & Van Coller, H.P. (reds.) *Vanweë die onbewuste*. Pretoria : HAUM-Literêr. pp. 14-23.
- Brink, André P. 1986. *Aspekte van die nuwe drama*. Pretoria : Academica.
- Hall, Calvin & Nordby, Vernon 1973. *A Primer of Jungian Psychology*. New York : New American Library.
- Jung, Carl Gustav 1959. *The archetypes and the collective unconscious*. Princeton : Princeton University Press.

- Jung, Carl Gustav 1966. *The collected works of C.G. Jung*. Princeton : Princeton University Press.
- Kannemeyer, J.C. 1988. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987*. Pretoria : Academica.
- Louw, Salomi 1985. Intertekstualiteit by Bartho Smit. *Communique*, 10(1):13-22.
- Malan, Charles 1978. Demoniese elemente in die allegoriese kategorisering by drie Afrikaanse dramas. In: Senekal, J.H. *Beeld en bedryf*. Pretoria : Van Schaik. pp. 85-92.
- Malan, Charles 1984. Bartho Smit se dramatiese kosmologie. In: Malan, Charles. (red.) *Spel en spieel*. Kaapstad : Perskor. pp. 64-82.
- Mattoon, Mary Ann 1981. *Jungian psychology in perspective*. New York : The Free Press.
- Pienaar, Erika 1978. Verset as tema in enkele jonger Afrikaanse dramas. In: Senekal, J.H. *Beeld en bedryf*. Pretoria : Van Schaik. p. 64-84.
- Rice, Michael 1973. William Faulkner, Bartho Smit and Time. *Standpunte*, 28(8):10-24.
- Smit, Bartho 1971. In gesprek met Chris Barnard. *Gesprekke met skrywers*. Deel Een. Kaapstad : Tafelberg. pp. 70-92.
- Smit, Bartho 1975. *Christine*. Kaapstad : Tafelberg.
- Von Franz, M-L. 1964. The process of individuation. In: Jung, Carl Gustav & Von Franz, M-L. (reds.). *Man and his symbols*. New York : Doubleday.
- Wright, Elizabeth 1984. *Psychoanalytic criticism*. London : Methuen.

Universiteit van Namibië, Windhoek.